

’N VERHAAL WAT WYS WIE’S REGTIG IN BEHEER

Kyk eers Openbaring inleiding – ds. Roedolf Botha –

https://www.youtube.com/watch?v=l0r3ua1RLts&list=PLQ6A1hVGGhiHdPluNHwwnqxH11dRmdz2a

As daar ooit ’n kommissie vir Bybel-oortredings sou wees, sal baie mense dalk voor dit moet verskyn vanweë hulle growwe misbruik van Openbaring. Geen ander boek in die Bybel is deur die loop van die geskiedenis só misverstaan verkeerd aangehaal en versplinter soos hierdie aangrypende verhaal van God se oorwinning deur Christus nie. Vandag het daar weinig oorgebly van die skoonheid van die aangrypende visioene wat Johannes deur die loop van 22 hoofstukke in verhaalvorm verpak. Vreesaanjaende beelde is immers deur die loop van die eeue in goedgelowige mense se geheue ingeprent oor dinge soos die 666-simboliek in hoofstuk 13, of die Sataniese magte wat vanaf Openbaring 12 grafies uitgebeeld word. Tussendeur het die ryk simboliese betekenis van beelde soos die 144 000 gelowiges in hoofstuk 7 en 14, of die duisendjarige vrederyk in hoofstuk 20, in die sand weggesyfer om plek te maak vir vreemde interpretasies wat gelowiges in verskillende kerklike kampe indwing. Daarom dat mense nie vandag sommer aan Openbaring dink as ’n “troosboek” nie. In die hande van die sogenaamde “eindtyd-kenners” is en word dit steeds omgebuig tot ’n onverstaanbare boek vol geheime kodes en versteekte boodskappe wat blykbaar eksklusief in ons dag in vervulling moet gaan, synde ons volgens hulle die laaste geslag, “*the terminal generation*” op aarde sou wees.

OPENBARING AS ’N BEELDRYKE VERHAAL OOR GOD SE TRIOMF IN CHRISTUS

Een van die belangrikste verstaansbeginsels wanneer ons die Bybel lees, is dat ons elke Bybelboek van voor tot agter moet deurlees. Die Bybel is nie ’n versameling losstaande verse wat ons na willekeur daar kan uithaal soos wat dit ons pas nie. Hoofstukindelings en verse het in elk geval ver meer as ’n duisendjaar ná die skrywe van die Nuwe Testament eers die lig gesien. Die Bybel is propvol verhale oor God se

groot dade wat eers van begin tot einde deurgelees en verstaan moet word voordat afsonderlike versgedeeltes aan die orde gestel word. Anders lees ons dit verkeerd – soos wat gereeld met Openbaring gebeur.

Kennis van die tekssoort of genre van elke Bybelboek noodsaaklik is, asook die wete dat God nie in losstaande frases of sinne in die Bybel aan die woord kom nie. Hy praat eerder in paragrawe, hoofstukke en boeke.

Watter impak sou hierdie beginsels op die reg verstaan van Openbaring hê?

In ’n neutedop kan ons Openbaring verstaan as ’n beeldryke verhaal van God se beheer oor die geskiedenis in die lig van Christus se oorwinning aan die kruis. In die eerste drie hoofstukke word die tafel gedek vir hierdie aangrypende verhaal wat deurdrenk is van simboliese taal as ons hoor hoe die opgestane Christus op die eiland Patmos aan die skrywer verskyn en aan hom die opdrag gee om hierdie openbaring neer te skryf (hoofstuk 1). Hierna volg sewe briewe aan geloofsgemeenskappe in Klein-Asië (hoofstuk 2-3). Vanaf hoofstuk 4 bevind ons onsself binne-in die openbaring self as Johannes deur die Gees na die beheersentrum van die heelal geneem word. Die grootste deel van Openbaring speel temporeel (tydsgewys) af vanaf Jesus se hemelvaart waarvan in hoofstuk 5 vertel word, tot en met die eindoordeel (20:11-15). Die ruimte wissel tussen hemel en aarde. Openbaring 12 sluit byvoorbeeld temporeel en ruimtelik aan by Jesus se aankoms in die hemel ná sy aardse sending (wat vroeër ook in hoofstuk 5 beskryf word). Hierdie hoofstuk vertel dan hoe Satan uit die hemel gegooi word as hy ongenooid by Jesus se feestelike kroning tot Koning oor die heelal opdaag en probeer keer dat dit gebeur. Hy neem egter wraak ná sy permanente verbanning uit die hemel deur Christus se volgelinge op aarde wreed te vervolg. Die draak (soos wat Satan van nou af genoem word) kry in Openbaring 13 ’n bose dier uit die see as helper (as nabootser van Jesus), asook ’n dier uit die aarde (as nabootser van die Gees). Hierdie diere verlei die hele wêreld en laat gelowiges ly vir die volle tyd tussen die hemelvaart van Christus en sy wederkoms. Hierdie tyd van swaarkry (= die eindtyd) word simbolies voorgestel as ’n tydperk van 1260 dae; drie en ’n half dae, of drie en ’n half jaar. Tog het gelowiges die versekering dat God en die Lam volledig in beheer van sake is in die hemel en op aarde.

In simboliese taal word Christus se hemelse heerskappy onder andere as ’n 1 000-jarige vrederyk uitgebeeld (20:1-6). Terwyl sy aardse kerk deel het aan die tyd van verdrukking (drie en ’n half jaar van swaarkry), deel die hemelse skares reeds al in Jesus se triomf (die vrederyk). Tog hoor die aardse kerk deur die loop van Openbaring dat hulle swaarkry binnekort sal ophou. Trouens, God is reeds deur die loop van die geskiedenis besig om die ongelowige wêreld te straf. Hy doen dit deur sy sewe seëls van oordeel een vir een oor die aarde oop te maak (Op 6-8), asook deur sewe trompette deur die loop van die geskiedenis te blaas (Op 8-9) en deur sewe wraakbakke op die goddelose wêreld om te keer (Op 15-16). Met die terugkoms van die Lam en sy hemelse bruid sal al die bose magte en die Satan finaal vernietig word (Op 18:1-20:10). Daarna breek God se splinternuwe wêreld aan waar sy mense vir altyd by Hom in die nuwe Jerusalem kom woon.

Ter samevatting sou ons die narratiewe verloop van die openbaring in Openbaring soos volg kon voorstel:

- **Temporeel** (tydsgewys): Die belangrikste gebeure in Openbaring vind plaas tussen die hemelvaart en wederkoms van Christus. Hierdie tydperk is die eindtyd op aarde!
- **Ruimtelik**: Openbaring se visioene wissel tussen die hemel en die aarde. Hoofstuk 4-5 gebeur byvoorbeeld in die hemel; dan verskuif ons is hoofstuk 6-7 aarde toe. Hoofstuk 8 begin weer in die hemel, en dan neem die res van hierdie hoofstuk tot by hoofstuk 11 ons weer aarde toe.



Hoekom moet ons die temporele en ruimtelike aspekte van Openbaring in ag neem?

* Teks geneem uit *Ontsluit die Bybel*. 2015. CUM uitgewers.

INTRODUCTION TO REVELATION

AUTHOR, PLACE AND DATE OF WRITING

This book identifies its author as “John” (1:1, 4, 9; 22:8)—traditionally understood to be the apostle John, the son of Zebedee and the author of the Gospel by that name. Today, however, many conservative scholars hold to the view of Dionysius, the third-century bishop of Alexandria, that the book was written by another John, a certain “John the Elder.” Other scholars regard the book as pseudonymous (falsely attributed to John) and probably a composite of several texts. Overall, there are valid historical and literary reasons for believing that Revelation was written by the apostle John (see “Who Wrote Revelation?”).

Although some hold that Revelation was written in a.d. 68–69, shortly after the death of the infamous emperor Nero, most believe it to have originated late in the first century. Irenaeus (Against Heresies, 5.30.3) stated that the apostle John saw his revelation at the close of Domitian’s reign (a.d. 81–96). This is widely accepted today, and many believe that the persecutions carried out by Domitian were behind the writing of Revelation.

The author stated that he was writing from Patmos (1:9), a small, rocky island in the Aegean Sea off the coast of modern Turkey that served as a Roman penal settlement. Eusebius (a.d. 265–340) reported that John was ultimately released from Patmos under the emperor Nerva (96–98).

AUDIENCE

Revelation is addressed to seven churches in Asia Minor (modern Turkey)—Ephesus, Smyrna, Pergamum, Thyatira, Sardis, Philadelphia and Laodicea. Roman persecution of Christians (1:9; 2:10, 13; 3:10) was widespread at the time, and false teachings were prominent in the churches.

CULTURAL FACTS AND HIGHLIGHTS

The book of Revelation was written at a time when the Roman authorities were beginning to enforce emperor worship (see “The Imperial Cult”). Christians, who held that “Jesus is Lord” (Ro 10:9), faced increasing persecution, including martyrdom (Rev 2:13; 6:9). The apostle John had been exiled to the island of Patmos for his activities as a Christian missionary (1:9), and believers were being warned against coming opposition and oppression (2:10; 3:10). Some Christians were advocating compromise

with the Roman government (2:14–14, 20), and John wrote in part to encourage believers to stand firm in the trying days ahead.

TIMELINE



AS YOU READ

As you read chapters 2–3, watch for clues about the conditions within the churches addressed. As you move further into the book, try not to get bogged down by the timetable of events, the symbolism or the obscure details. Remember to view this book not only as history and prophecy but also as a source of encouragement and hope for Christians of all times who may be undergoing persecution.

DID YOU KNOW?

Wormwood, a plant with a strong, bitter taste, is used here as a metaphor for calamity and sorrow. Though not poisonous, its bitterness does suggest death (8:11). The ancients believed that the Abyss was the subterranean abode of demonic hordes (9:1). Belief in statues that could speak is widely attested in ancient literature. Sometimes the image at a shrine would be hollow, enabling a priest to hide within the statue and speak for the god (13:15). Ancients typically diluted every part of wine with two parts water, except when their aim was to become drunk (14:8).

THEMES

The book of Revelation includes the following themes:

1. God is in control. John's visions penetrate the barrier that separates the heavenly realm from the earthly world and reveal the heavenly reality that will triumph over

earthly illusion. Knowledge of the Old Testament is helpful for understanding Revelation's symbolism, for events in the Old Testament are seen as reflecting recurring patterns in history.

2. Jesus will return. The final deliverance will occur at Christ's return. This will be preceded by a period of unprecedented distress, symbolized by images of childbirth; military conflict; and supernatural, cosmic catastrophes. The new age will not come as the result of human activity nor evolve from this present age but will result from God's direct intervention. Revelation warns its readers to evaluate the present in light of the future age, in which evil will be judged and destroyed and the righteous rewarded.

3. Salvation is for all who will receive it. Salvation is not exclusive to any people group or nation.

